Hoofstuk 94

Met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste.

Hierdie hoofstuk handel oor drie spesiale gunste wat Allah aan die profeet Mohammed betoon het en wys vir ons dat Allah saam met die swaarkry ook die hulp verleen

1. Mohammed, het Ons nie tot jou voordeel **jou hart wyd oop en ontvanklik gemaak** sodat jy die Goddelike geheimenisse kan begryp nie, en sodat jy met wysheid, Goddelike lig en vrede gevul kan wees nie?(K6:125)

2. Ons het van jou, **jou las verwyder**, die verpligtinge wat Ons jou opgelê het,(K11:112)

3. wat byna te swaar was vir jou om te dra soveel so dat dit by wyse van spreke amper jou rug gebreek het,

4. en Ons het vir jou, **jou naam verhoog** deurdat dit altyd saam met die Naam van Allah genoem sal word.

5. Dit is dus ongetwyfeld so dat saam met die swaarkry, dit ook vir jou op 'n manier maklik gemaak is.

6. Inderwaarheid word dit saam met die swaarkry op verskeie maniere vir jou maklik gemaak.

7. So wanneer jy klaar is met jou indirekte aanbidding: die kollektiewe diens wat jy verrig, soos die opleiding en leer van jou volgelinge en ander dagtake, konsentreer dan met met jou hele hart op jou direkte Aanbidding, ja gebruik tot jou laaste bietjie krag vir dit waarvoor jy eintlik geskape was, vir jou gebede, jou gebedsversoeke, lofprysing en die vra van vergifnis,

8. waartydens jy jou gretige, ywerige Aanbidding op jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer rig.

Hoofstuk 95

Met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste.

1. Ek sweer by dit wat vir julle veelvuldige seëninge en voordele in hou, die Vy en die Olyf, dit wat Palestina en Sirië simboliseer, die produsente van die Vy en die Olyf, en die lande waarin meeste van die Profete geleef en gepreek het

2. en by Tur, die berg Sinai, waar Allah met die profeet Moses gepraat het,

3. en by die vredevolle stad Mekka, die geboorteplek van die profeet Mohammed.

4. Ons het die mens anders en beter geskep as alle ander lewende wesens met die beste samestelling en geaardheid, uitstaande kwaliteite, natuurlike krag en -mag en die beste liggaamsbou, met kennis, spraak, gehoor, sig, wysheid en die vermoë om te kan beplan: alles kwaliteite van Allah self,

5. en toe het Ons hom verander in die laagste van die laagstes: maar anders as die dier wat steeds- of waarvan dele soos die vel steeds bruikbaar bly wanneer dit oud word of doodgaan, word die mens swak, nutteloos en 'n las wanneer hy oud word, en wanneer hy sterf is die oorskot heel onbruikbaar en vergane, amper hopeloos,

6. behalwe vir diegene wat geglo het en regverdige dade gedoen het, want vir hulle is daar 'n nimmereindigende beloning: die Hiernamaals waarvan die beloning en seëninge reeds in hierdie wêreld begin.

7. So, wat kan dan nog maak, dat na dit alles, jy steeds die Vergelding ontken?

8. Is Allah nie die Grootste Regeerder van alle regeerders nie?

Ja, inderdaad,

ek getuig dat Allah die Regeerder van regeerders is!